Graad 2 Ouervergadering: 22 Februarie 2021

Hartlik welkom in Graad 2!

Primêre Skool UNIVERSITAS

1. Ouerkomitee
2. Akademie

2.1 Huiswerk (PowerPoint)

3. Afhaal van leerders na sport
4. D6
5. Verkeer
6. Karri
7. Snoepie
8. BL-verkiesing
9. Middagstudie
10. Algemene inligting

Primêre Skool
UNIVERSITAS

1. Ouerkomitee:

Elke klas moet ten minste 4 ouers hê wat bereid sal wees om op die ouerkomitee te dien.

- 1.
- 2.
- 3.
- 4.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

2. Akademie

Sien Huiswerk Power Point

Primêre Skool
UNIVERSITAS

3. Afhaal van leerders na sport

Slegs Hek 1 en 4 sal oop wees na 14:00 vir afhaal van leerders.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

4. D6

- Belangrike kommunikasie platform. Laai dit asseblief af.

- Vanaf 5 Maart sal inligting slegs op die Webwerf en D6 verskyn.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

5. Verkeer

Hou asseblief by hekke soos aangedui.

- Ross-straat: Eenrigting
- Sirkel by swembad hek: Hou links

Primêre Skool
UNIVERSITAS

6. Karri

- Alle betalings met ‘n waarde van R500 en minder wat by die skool gemaak word sal deur Karri betaal word.
- Bedrae hoër as R500 moet d.m.v EFT gedoen word – Met korrekte verwysing.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

7. Snoepie

Ouers word aangemoedig om ‘n kaart te bekom – Kontak Bealah by kantoor.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

8. BL-Verkiesing

Vind plaas op 18 Maart.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

9. Middagstudie

Juffrou Alta is die hoof – kontak haar of Mnr. Nicolaas

Primêre Skool
UNIVERSITAS

Algemene Inligting

Primêre Skool
UNIVERSITAS

Akademie:

Die Gr 2 onderwyseresse doen saam beplanning en doen deur die week dieselfde werk. Sien aangehegte PowerPoint wat huiswerk verduidelik.

Afrikaans: Luister en Praat (Mondeling)
Klanke + Taal
Handskrif + Skryf
Lees, Woordherkenning en begrip

Wiskunde:
Getalle, Bewerkings en Verhoudings
Patrone, Funksies en Algebra
Ruimte en Vorm
Meting
Datahantering

Engels: Listening and Speaking
Reading and Phonics
Writing
Language use

Lewensvaardigheid: Aanvangskennis
Persoonlike en Sosiale welstand
Skeppende Kunste
Liggaamlike Opvoeding

Sotho: Juf. Lize-Marie Oosthuizen

Primêre Skool
UNIVERSITAS

4. **Benodigdhede:** Alle benodigdhede moet duidelik gemerk wees. Wees streng met u kindjie om verantwoordelikheid te neem vir hulle benodigdhede.

5. **Skooltye:** Stiptelik 07:30 tot 13:00. Kinders wat laat kom, ontwrig die klas.

6. **Toiletgewoontes:** Maak seker dat u kind die toilet besoek voor skool en pouses. Pouses is 09:15 en 11:30

7. **Ondersteuningsonderrig:** In skooltyd deur Juffrou Deo-Mari.

8. **Didakties:** Vind plaas in die middae na skool. Tye word deur klasonderwysers gereël.

9. **Musiek:** Verlore klaswerk moet tuis ingehaal word.

10. **Tasse:** Vermy onnodige goed in tasse. Pasop vir koeldrank bottels wat lek. Stuur asb. elke dag ‘n bottel met koue water skool toe.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

11. Inligting/Navrae: Skakel die kantoor. Liezl Boshoff sal inligting kan verskaf, kyk gerus op die kalender of besoek ons webwerf. **Moet ons asb. nie beskikbare inligting vra op ons selfone nie. LEES die Nuusbrief noukeurig deur vir betrokke inligting.**

12. Klasbesoek: Maak asb. afsprake. Probeer soggens voor skool (vergader in personeelkamer) en tussen 13:00 en 14:00 (buitemuurs en didakties) geselsies of navrae vermy.

13. Nuusbriewe: Briewe word elektronies gestuur. Harde kopie kan by kantoor self afgehaal word.

14. Kontant: Skool is kontant vry. Vir klein bedrae, plaas korrekte bedrag in koevert met naam en waarvoor dit is voorop. Nuwe ouers moet asb. 'n debietordervorm by die kantoor kry, indien hulle dit so verkies.

15. Afwesighede: Laat weet asb. die kantoor. Agterstallige werk moet ingehaal word. Vrydae is normale skooldae, moenie kinders onnodig uit die skool hou nie.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

16. **Afwesigheid tydens assessering:** Leerder ontvang sy eie geprojekteerde gemiddelde punt.

17. **Veiligheid**: Leerlinge moet binne skoolterrein wag.

18. **Elke kind is spesiaal:** Moenie jou kind vergelyk met ‘n ander kind nie. Prys jou kind, dit gee hom/haar selfvertroue.

19. **Snoepwinkel:** Bestellings kan voor skool of tydens kort pouse by die snoepie gedoen word. Vermy roomys en ysies in skool tyd.

20. **Kosblikke:** Verkieslik gesonde kos soos vrugte, neute, sap en volgraanbrood.

21. **Selfoon (leerders):** Selfone bly in die tas. Geen selfone in die klas of op die speelgrond nie. Belhorlosies MOET afgeskakel wees gedurende klastyd.

22. **Selfone (Onderwysers):** Onderwysers mag nie selfone antwoord in klastyd of tydens buitemuurs nie. Skryf ‘n briefie in huiswerkboek indien onderwyser van iets kennis moet neem of kontak vir Liezl.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

23. Boeke: Ons vra asseblief dat u ons sal help om die leesboekies wat nog nie oorgetrek is/lelike plastiek op het, oor te trek en los blaaie weer vas te plak. R100 vir verlore of beskadigde boeke.

24. Dokters afsprake: Nie in skooltyd nie.

25. Medikasie: Siek kinders moet verkieslik tuis bly. Medikasie soos Ritalin, Asma- medikasie en medikasie vir bysteke kan met ‘n toestemmingsbrief, duidelike instruksies en doktersbrief vir die klasonderwyser gegee word.

26. Verjaarsdae: Ons versoek dat u asb. eerder kolwyntjies en/of reeds opgemaakte pakkies stuur i.p.v ‘n groot koek wat nog gesny moet word.

27. Sportklere: Gr 2’s kom elke **Donderdag** met Tjokkie-sportklere skool toe.

28. Gedragskode: Lees deur in die Tjokkie huiswerkboek en teken.

29. Wag na skool: Maak seker dat u kindjie weet by watter hek hulle opgelaai word.
Middagmaatjies wag voor die betrokke Gr2 Juf. aan diens se klas tot half 2.

Primêre Skool
UNIVERSITAS

Vrae / Versoeke



Primêre Skool
UNIVERSITAS